

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 76

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Hoekom?

Hoekom vra 'n mens tog altyd in dae van siekte: "Hoekom moet ek siek word?" Hoekom vra ons nie in dae van gesondheid: "Waarom mag ek gesond wees, terwyl ander mense siek is?"

Teëspoed

Daar is 'n spreekwoord wat min of meer soos volg lui: In moeilike tye wemel dit op die pad na die hemel van gebede; in dae van voorspoed is die pad leeg en stil.

Duister weë

God se weg is dikwels duister, maar die duister lê in ons oë en nie in God se weg nie.

Die gebed

Die gebed sal ons van die sonde weerhou, of die sonde sal ons van die gebed weerhou.

Een met Christus

Luther, wat iets so kernagtig kon sê, het eenmaal gesê: "Van die oomtolik af dat ek myself en Christus as twee beskou, gaan alles verkeerd, maar as ek myself één met Christus sien, is alles rus en vrede."



Ja, hier lê jy nou ... siek ... tussen vier mure. Dit is vir jou 'n moeilike saak. Wat wou jy nie nog alles gedoen het nie en nou kan dit nie!

Dat dit vir jou bitter is om hier te lê, kan ek begryp, want die mens se lewensdoel is nie om hier siek in die bed te lê nie, maar om in lewe en gesondheid die roeping te volbring wat God aan hom gegee het. Het jy al daaraan gedink dat God ook met hierdie siekbed van jou 'n goeie doel voor oë het... sodat jy Hom vir hierdie siekte sal dank?

God dank vir siekte en pyn en verdrukkinge? Dit mag vir jou absurd voorkom, maar dit is glad nie so ongehoord soos dit lyk nie. Luister na hierdie woorde van Paulus: "Ons roem ook in verdrukkinge, omdat ons weet dat die verdrukking lydsaamheid werk." (Rom. 5:3).

Hy sê: "Ons roem in verdrukkinge..." Dit beteken dat hy dit goed vind as daar verdrukkinge soos siekte, pyn, smart, droefheid, oor ons lewens kom. Waarom vind hy dit goed? Hy sê: "Omdat ons weet dat die verdrukking lydsaamheid werk."

Die woord lydsaamheid moet jy hier nie verkeerd verstaan nie. Daarmee word nie bedoel 'n soort passiewe gedweeheid waarin ek alles maar gelate moet dra, omdat dit eenmaal nou nie anders kan nie. Nee, dit is nie wat die Skrif onder lydsaamheid verstaan nie. Trouens; beproewings en verdrukkinge werk by die gelowige nooit 'n papheid in die hand, sodat hy sal sê: "Slaan maar Here, slaan my maar dood ook. Ek kan teen U tog niks doen nie."

Met lydsaamheid word hier heeltemal iets anders bedoel. Lydsaamheid beteken eintlik volharding. Lydsaamheid beteken dat deur verdrukking die geloofskrag versterk word. Lydsaamheid beteken om soos Job, selfs nadat die verskriklike ramp hom getref het, nog te sê: "Die Here het gegee, die Here het geneem, die Naam van die Here moet geprys word." Lydsaamheid beteken nie om soos 'n hond, as hy geslaan word, aan die voete van sy baas te lê en tjank sonder om iets te doen nie, maar dit beteken

om in verdrukkinge nog regop te staan, die kop en die ken omhoog en heilig aktief te wees as ek die hand wat slaan, kus.

Hierdie lydsaamheid is eintlik die energie van die geloof en dit is hierdie energie wat die Here deur allerlei verdrukkinge, soos byvoorbeeld siekte, in die lewe van die gelowige wil verhoog. Daarom, sê Paulus, roem ons in verdrukkinge wat lydsaamheid werk. Want so gaan ons op die geloofsweg nie agteruit nie, maar vooruit. My geloof word daardeur nie swakker nie, maar sterker. Dit word geoefen, geharnas, gestaal; dit ontwikkel 'n weerstandsvermoë. Dit laat my vaster gryp aan Jesus Christus as my enigste Redder en Saligmaker. Dit laat my weer lewe uit die geloof en uit die krag van Christus.

Het jy al daaraan gedink dat God deur jou siekte so 'n heerlike doel voor oë het? Ook deur jou siekte wil Hy lydsaamheid in jou werk, jou nader trek en vaster aan Hom bind. Wie weet, dalk het God die siekte van die liggaam oor jou gebring, sodat dit mag dien tot genesing van jou siel.

Laat jou dan in die leerskool van God deur verdrukking — ook deur hierdie siekte-verdrukking van jou — lydsaamheid geleer word. Dan sal jy ook leer om die Here te dank en te kan sê:

Dat U my verdruk het, Here,
dit was enkel goed vir my,
want daardeur het U my dieper
in u kennis ingelei.
Daarom is dit my veel beter
as die allerrykste skat,
meer as al die goud en silwer
wat die wêreld kan bevat.
— (Ps. 119:25).

Ds. P. J. de Bruyn

Drieërlei vlug... drieërlei genade

Jona ontvang 'n magtige opdrag van God: hy moet Nineve, sentrum van heidense godsdiens, kultuur, politiek... en sonde, tot bekering roep.

Jona weier om *politieke* redes, want hy sien Assirië as vyand van sy volk; om *godsdiens* redes, want hy meen dat die saligheid net vir Jode toekom. Daarom vlug hy vir sy goddelike opdrag.

Sy eerste vlug:

Op sy eerste vlug het Jona dit aanvanklik maklik. So gaan dit mos met die sonde... aanvanklik is die sondedaad maklik, lekker... later kom die ellende en skuldverwyt.

Jona vind maklik 'n skip. Jona moet Ooswaarts, Nineve... hy vlug Weswaarts.

Nooit kan 'n mens van God wegvlug nie! Dawid het hierdie waarheid besef toe hy uitgeroep het: "Waar sou ek heengaan van u Gees en waarheen vlug van u aangesig?" 'n Mens is verbaas dat Jona dit nie besef het nie.

Spoedig sal Jona dit ondervind; die loeiende wind en kolkende water wat die skip skielik aangryp, sê vir Jona: God het jou ingehaal. Jou vlug is 'n mislukking. Die oordeel van God tref jou. Die storms in jou lewe is geen blinde noodlot nie. Dis die oordeel van God wat jou tref, omdat jy vir die magtige God vlug!

En tog... so is God se storms in jou lewe ook steeds genade, want Jesus Christus is juis in die kolkende waters van God se toorn ingewerp om jou sondes ontwil. God ontmoet jou op jou vlug met sy genade in Jesus Christus.

Sy tweede vlug:

Jona besef nou: God het my ingehaal — maar ons lees niks van berou nie. Intendeel: "Jona het na die onderste dele van die skip afgeklim en daar gaan lê en vas aan die slaap geraak." Jona slaap. Dit is die tweede wyse waarop hy sy opdrag, sy God wil ontvlug.

Dit is byna ongelooflik om te dink dat 'n mens onder sulke omstandighede nog kan slaap: buite die tierende wind en skuimende golwe, op die skip magtelose gewerskaf, vloekende matroosmonde wat in radeloosheid bid en... Jona slaap! Ongelooflik, maar tog verstaanbaar, *want dis die slaap van die sondaarmens wat sy ore toedruk sodat hy God nie kan hoor nie.*

Weer eens is God genadig. God stuur die ruwe skeepskaptein om Jona uit sy slaap wakker te maak met 'n versoek wat die verskroeiende gewete oopvlek: "Staan op, roep tot jou God." So kom God jou ook tegemoet, jy wat van God wegvlug in die slaap van die sonde... nie deur 'n skeepskaptein meer nie, maar deur Jesus Christus met die dringende roep: staan op, roep tot jou God.

In Jesus Christus is God selfs vir die diepste sondaar die hoogste Genade.

Sy derde vlug:

Jona se sonde is onbloom... maar nog geen woord van verootmoediging nie. Eers as God dit so beskik dat hy deur die lot aangewys word, dan kom hy met die beskamende skuldbelydenis dat hy wegvlug van God... maar nog is daar geen begeerte om die wil van God te gehoorsaam nie.

Daar is nog net een moontlikheid oor: om finaal van die opdrag van God weg te vlug... deur te sterwe. Daarom antwoord hy hulle: "Neem my en gooi my in die see" — dit is sy derde en finale vlug, maar onpeilbaar is die liefde van God vir die sondaarmens — kry ons die genade van God! God beskik 'n groot vis wat Jona insluk... om hom later op die droë grond uit te spoeg.

So soek God jou in sy genade op. Jona, die skuldige, wat homself hier offer om die storm tot bedaring te bring, is beeld van Jesus Christus wat Homself, sonder skuld, in die stormwaters van die toorn van God oor ons sondes ingewerp het — tot behoudenis van die sondaarmens.

Ook op jou derde vlug — die dood wat vir jou wag — ontmoet God jou in Jesus Christus met die oproep: vlug tot die kruis, tot Jesus Christus, wat vir jou gesterf het. As jy een maal die dood ingevlug het sonder Jesus Christus... dan is dit die finale vlug na die ewige verderf.

C. J. Malan

Grafskrifte

In die kerk van Worcester is 'n ou grafsteen gevind waarop geskryf was: "diep ellendig". In die ou katakombe van Rome is 'n grafskrif gevind wat lui: "diep gelukkig". Aan elkeen van ons is die vraag watter grafskrif op ons steen gebeitel sal moet word?

Die kerk is soos 'n koor

Waarom moet ek 'n lidmaat van die kerk wees?

As ek 'n gelowige is, waarom moet ek aktief meeleeft met die gemeente?

Iemand het op hierdie en dergelike vrae treffend soos volg geantwoord:

Die lidmate van die kerk vorm saam 'n magtige koor wat die lof van God in die wêreld besing. Die enkele mens moet hom daarby voeg en saam met hulle sing. So kan hy die beste die wysie hou. As hy alleen sing, kan hy moontlik verkeerd sing en aanhou verkeerd sing. As hy egter saam met die ander sing, help die sang van die

ander hom om gou weer reg te sing nadat hy 'n paar note verkeerd gesing het. Die koor hou die enkele mens, wat die sang betref, op die been. So hou die kerk as gemeenskap van die gelowiges die individuele lidmate in die geloof en geloofslewe op die been: om te wandel in die regte weë volgens die wil en wet van God en om in die troos van die verlossing deur Christus salig te lewe en te sterwe. Tereg word dan ook in Spreuke 18:1 verklaar:

"Hy wat hom afskei, soek sy eie begeerte; hy bestry alles wat waarlik tot voordeel strek."

Ek en my vrou gaan skei

So het ek gehoor, ja. Hier is my hand. Jy voel seker maar ellendig oor die hele besigheid. Maar... nouja, jy voel dit kan nie anders nie. Saam met so 'n vrou kan 'n mens nie leef nie. Veral die laaste tyd het sy jou lewe vergal (en jy hare). Julle ken geen vrede of geluk meer nie en nou hoor ek julle gaan skei.

Jy dink aan jou kindertjies wat jy liefhet. Ná die hofsaak sal hulle seker van jou weggeneem word. In jou verwarde drome en slapelose ure sien jy smekende gesiggies voor jou — betraande ogies... pleitende handjies. Jy gaan hul lewens verwoes... My pa en ma is geskei, maar jy sê dit kan nie anders nie. Tog voel jy soos 'n Judas — jy verrai onskuldige bloed.

Vroeër was dit anders

Vroeër was dit anders. Julle het mekaar liefgehad... voor die preekstoel trou aan mekaar gesweer en voor God die heilige belofte afgelê — die belofte wat julle nou in die egskeidingshof verbreek.

Nee, ek wil nie jou vrou goed praat nie. Julle het seker maar albei skuld daaraan. Miskien het jy vooraf geweet dat sy 'n losbandige kerklose meisie was, maar dit kon jou nie skeel nie en nou het die storm oor jou huis losgebars en dit het geval.

Waarom?

Weet jy hoekom. Daar is baie oorsake, maar die grootste is: omdat God nie in jou huis gewoon het nie. Omdat jy jou godsdienste en Christelike beginsels vir die honde gegooi het. Omdat jy nie jou huis van die begin af gebou het op Christus, die rotsfondament nie, maar op sand. Omdat jy die woorde

van Christus vir 'n grap opgeneem het waar Hy in Matteus 7:26 sê:

"En elkeen wat na hierdie woorde van My luister en dit nie doen nie, sal vergelyk word met 'n dwase man wat sy huis op die sand gebou het. En die reën het geval en die waterstrome het gekom en die winde het gewaai en teen daardie huis aangestorm, en dit het geval, en sy val was groot."

Daarom moes jy dit verwag het. Omdat Christus nie in jou huwelik was nie, sou Satan daar inkom en alles verwoes.

Het jy al dit probeer?

Ek kom nie verwynt nie... probeer net raad gee. Het jy al ernstig tot God gebid dat Hy julle huwelik mag red? Het jy al in jou Bybel gesoek na troos en lig? Het jy al saam met jou vrou hieroor probeer bid? Het julle al jul harte gaan uitpraat met jul predikant wat baie graag wil help?

Die saak is nie verlore nie. God wil jou huisgesin red — as jy maar net wil luister. Die wat na Hom kom, sê Christus, sal Hy nooit uitwerp nie. Hy het gesterf ook om jou huwelik te reinig met sy versoeningsbloed.

Uit die hemel klink sy magswoord in jou ore: Julle is een vlees. "Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie." (Matteus 19:6).

Gaan jy en jou vrou nogtans skei?

— **W. J. Maritz**

Besorg?

*Laat yd'le sorg jou nimmer kwel,
wil aan die HEER jou sorg vertel:
Hy sal jou reg, soos middagglans,
laat skitter aan 'n helder trans.*

*Hy is 'n toevlug in die nood,
Hy is 'n hulp oneindig groot.
Hy maak hul van die vyand vry,
hul skuil by Hom, Hy's hul naby.*

— *Psalm 37:3, 25.*

Die Ander Gode

Ek noem daardie verslete, geel kamerjas van die bokser, wat volgens sy geloof sal beslis of hy die uitklophou gaan slaan, sy god!

Die rugbyspeler se gelukbringertjie, wat volgens hulle 'n voorsienige krag het; die motorbestuurder se poppie wat na sy bewering bewarende vermoëns besit — almal is afgode!

U sê ons moet dit nie te ernstig opneem nie; dat hierdie voorwerpe slegs maar aan hulle besitters sielkundig selfvertroue gee. Presies, dit is afgodery — dat daar iets versin word waarop die gees vertroue in kan stel.

So ontmoet ons dié mense wat 'n menigte klein dingetjies met bygeloof beskou: tekens word ontdek, kragte word toegeskryf aan mense en dinge, die sterrevoorspellers praat in ons tydskrifte en die redaksies sê dis sommer grappe, maar die mense lees dit en volg die voorskrifte. Op ons straathoeke staan die waarsêers se karavaan. Ons gaan na hierdie toingrige vroue en ons glo hulle is God, want hulle oë kan kyk soos God se oë. Is die tegnies-kulturele mens nie nog maar in sy hart by die dolosse van Afrika nie?

Huisvesting:

In die antieke wêreld was daar 'n klomp mensgemaakte gode wat vandag nog huisvesting vind.

- **Demeter** —

die *moeder Aarde* ken nog haar aanbidders wat die aarde as hoop en krag en ideaal bely.

- **Venus** —

die *skoonheidsaanbidding* word vlees en bloed in al die koninginne op die sierwaens, in al die prikkelpoppe se foto's op die kamermure van ons seuns, in die honger oë wat die hoogste lus vind in en die hoogste diens lewer aan die skone liggaam.

- **Dionysus** —

die God van die *ekstase* wat springlewendig die "rinkals" dans en luidrugtig te kere gaan in die blêrmusiek.

- **Bacchus** —

die god met die *swaar buik* van al die eet en drink en wilde smaaklike opwinding van die wellus.

- **Hercules** —

hy bult nog sy spiere in ons *magsdronke wêreld* en sy energie-opwekking, in die eeu van krag, word die hoop van die wêreld.

- **Isis** —

die godin van die *lewe*. Die skone, menslike lewe met al sy geur en kleur en klank.

- **Mammon** —

die *rand/sent- kêrel* wat bely dat geld alle nood versoet, alle deure open, alle eer koop, alle

teenstand versmelt.

• **Asclepius** —

die god van die *medisyne*. Antibiotika is die redder en waarlik — my verlosser leef in die laboratorium en die psigiater maak reg wat God nie kan regkry nie.

Die ander God...

Ek vra om hom te ontdek in u lewe. Gebruik die volgende om hom op te spoor:

Die heerser in ons lewe, dit wat ons groot toewyding en oorgawe ontvang, wat ons diepste onrus en kommer stil en as lewensvulling dien, is die afgod.

Na wie sal jy gaan?

Is dit nie tyd dat u moet ophou met dié kinderspeletjies nie?

Na wie sal jy gaan

— as die dokter sy skouers optrek en jou dierbare tussen die wit lakens lê?

— as jou tjeks nie meer kan koop waar jou hart na hunker nie?

— as die lewe jou isoleer en sy spookgesig vir jou trek?

— as jou bruin spiere slap word en as die atoomenergie alles om jou verwoes

— as die trombose jou neertrek en jy soos 'n ou man elke treetjie moet afsukkel terwyl jou eertyds-oorlaaide bord 'n slaaiblaartjie oplewer volgens doktersvoorskrif?

Na wie sal jy gaan as die lus in jou vergaan het en die opwinding gaan lê het?

"Nou kan ek nog wel êrens skuil
maar hoe sal dit wees in die nag
as die winde soos wolwe huil
en die ewige vierskaar ons wag?"

Die tyd is kort — jou afgodjies is reeds besig om te tuimel.

Die eerste stap is: Gaan soek die Bybel en lees: Jesaja 40:12-26 en Jesaja 46:1-13.

Eenvoudige raad? Hoe weet jy? Doen dit nou!

W. J. de Klerk